



Familie
Met 'n
Missie

NG Eldoraigne Familiekerk

**Gestuurde
gemeente, in
'n seisoen
van gebed**

GESPREGSGIDS VIR KLEINGROEPE EN LIDMATE

21 Januarie - 18 Maart 2018

VISIE

Waar mense God beleef en as volgelinge van Jesus
gemeenskappe vernuwe

Gemeentemissie:

Ons bou mekaar op deur betrokke te wees in
persoonlike **omgee-verhoudings** en **reik uit** na alle
mense met wie ons paaie kruis

**Ons gee om vir mekaar en
ons gemeenskap!**

Beste Eldoraighner

Baie welkom in ons gemeente en in besonder by julle kleingroep. Ons vertrou dat jy hierdie gids in jou hand het, omdat jy besluit het om by 'n kleingroep in te skakel. Jy sal net die waarde van die gids beleef indien jy gereeld die eredienste bywoon en ook aktief betrokke is by jou kleingroep. Die kleingroep is die primêre voertuig waardeer bediening en versorging in ons gemeente plaasvind.

Julle kleingroep is egter ook 'n ruimte waar julle die Here op 'n besondere manier, naas die erediens, kan aanbid en dien. Julle is nie in die eerste plek 'n sosiale groep nie, ook nie 'n Bybelstudiegroep nie. Julle is liggaam van Christus wat wel saam sosiaal verkeer, maar ook die Woord bestudeer en saam betrokke is by bedieninge en uitreike.

Ons het op die volgende sleutels vir 2018 besluit, wat die goue draad gaan wees om ons gemeente saam te bind sodat ons by ons droom kan uitkom:

- **Erediens**
- **Gebed**
- **Gemeenskap na binne en buite**

Mag julle 'n geseënde jaar beleef.

Dr Johan van den Heever
Januarie 2018

INHOUDSOPGAWE

My verbintenis as kleingroeplid	3
Die funksionering van ons kleingroepe	5
Week 1 - 21 Jan: Afskop - Familie met 'n missie	8
Week 2 - 28 Jan: Gestuurde gemeente	12
Week 3 - 4 Feb: Ons versorg mekaar	14
Week 4 - 11 Feb:(Begin v Lydingstyd) Volgelingen van Jesus	17
Week 5 - 18 Feb: Die belewenis van God	22
Week 6 - 25 Feb: Eredienste	27
Week 7 - 4 Mrt: Ons gee om vir mekaar	30
Week 8 - 11 Mrt: Eldoraigue Familiekerk	32
Week 9 - 18 Mrt: Betrokke in ons gemeenskap	35

MY VERBINTENIS AS KLEINGROEPLID

1. **Onvoorwaardelike liefde**

Ek onderneem dat ek niks sal toelaat om my liefde vir elke kleingroeplid te skaad nie. Al stem ek nie altyd saam met 'n ander se opinie of optrede nie, sal ek hom as persoon steeds bly liefhê. Al verskil ons, sal ek andere steeds aanvaar en plek vir God se liefde gee. My liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie en poog om hulle te betrek en deel van die kleingroep te maak.

2. **Algehele beskikbaarheid**

Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die groep. Ek onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat ek dit sal bewys deur my bereidwilligheid om op te offer en tyd vir die groep te maak.

3. **Getroue voorbidding**

Soos die liefdevolle Vader dit graag wil hê, onderneem ek om op 'n gereelde basis vir elke kleingroeplid te bid. Ek glo dat hierdie gebede verhoor word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

4. **Groter openheid**

Ek belowe om daarna te streef om my gevoelens, my stryd, my swaarkry en my vreugdes met die groep te deel. Ek sal meer openlik wees en die groep met my probleme en my ideale vertrou. Ek sal oop bly om te verander soos die Here wil en getrou elke les se opdrag uitvoer.

5. Absolute eerlikheid

Ek onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Ek sal die waarheid in liefde praat, bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

6. Sensitiwiteit vir ander

Ek onderneem om na die beste van my vermoë ingestel te wees op groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met Sy ore te luister en met Sy hart om te gee.

7. Vertroulikheid

Ek beloof om nie oor vertroulike dinge van die groep uit te praat nie en sodoende te help om 'n atmosfeer te skep waar sekuriteit en openheid heers.

8. Getroue bywoning

Ek onderneem om elke kleingroepbyeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Ek sal verskoning maak indien ek dit in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

- As almal hulle hiertoe wil verbind, onderneem plegtig teenoor mekaar om bogenoemde verbintenis na te streef.

DIE FUNKSIONERING VAN ONS KLEINGROEPE

In NG Eldoraïne Familiëkerk praat ons van kleingroepe. Ons gebruik nie terminologie soos selgroepe of wykgroepe nie. 'n A-span of Bybelstudiegroep kan 'n kleingroep wees. Ideaal gesproke sou ons graag die hele gesin by 'n kleingroep wou betrek. Ons weet egter dat die tyd waarin ons leef dit nie altyd moontlik maak nie.

Die vroeë kerk

Christene kom na die Hemelvaart in die Tempel en Sinagoge bymekaar. Hulle word egter deur die Jode uit geskop en dus is die huise van die Christene die aangewese plek om te aanbid. Die maaltye het die kern van die byeenkoms gevorm. Daar was die liefdesgemeenskap beoefen. Hierdie byeenkomste was sterk gelei deur die gawes wat die Gees aan gelowiges gegee het.

Die kerk van môre

Gelowiges kom in kleingroepe bymekaar en aanbid in die eredienste. In die kleingroep vind die beoefening van die gawes plaas. Die kleingroep behoort ook iets van ons samelewing te weerspieël.

Hoe definieer ons kleingroepe?

Nie o.g.v. getalle, gesinne of frekwensie van byeenkomste nie. Wel o.g.v.:

- Visie (Waarheen is ons op pad)
- Struktuur (Waar, wanneer, hoe vergader ons)
- Leierskap (Die Herderleier gee volgens die Bybelse beginsels van leierskap leiding in die kleingroep)

So lyk 'n kleingroep



'n Model het struktuur en leierskap maar geen visie nie. 'n Droom het leierskap en visie maar geen struktuur nie. 'n Doelwit het struktuur en visie maar geen leierskap nie.

Die ideale kleingroep

Die ideale kleingroep gee vir mekaar om. Hulle vergader gereeld om die Woord. Hulle is besig om erens met 'n bedizening of uitreik 'n verskil aan mense se lewens te maak.


- Omgee vir mekaar
- Uitreik na ander
- Toewyding aan God

Sondes van die herderleier

- Aanvaar verantwoordelikheid vir alles
Moenie 'n doelwit wat die groep stel met jou begeertes verwar nie
- Doen al die werk self

Deel verantwoordelikhede

- Dink alles is van jou afhanklik
Nee, ons is almal van God afhanklik
- Gee op wanneer resultate min is
Jy hoef nie die beste herderleier in die wêreld te wees nie.
Doen net dit wat jy kan die beste.



Week 1 - 21 Jan: Afskop - Familie met 'n missie

Inleiding

Welkom by ons eerste geleentheid vir die jaar. Ons het 2017 op 'n hoogtepunt afgesluit, ons wil hierdie jaar dit weer 'n groot jaar maak. Daarom wil ons in die eerste paar weke op ons doelwitte wat ons vir die jaar gestel het fokus. Daarmee saam wil ons mekaar ook herinner dat ons deel is van die breër liggaam van Christus en fokus ons dus ook op die kerklike jaar. Dit is die groot kerklike feeste wat oor die wêreld deur die kerk herdenk word. Ons staan nou in die tyd van Epifanie.

Agtergrond tot die kerklikejaar - Epifanie

Die woord **Epifanie** dui op die verskyning of manifestasie van God in die wêreld. In wese het Kersfees en Epifanie ten nouste met mekaar te make, en daarom word die Kers- en Epifanietyd as aaneenlopend beskou van 25 Desember tot ná 6 Januarie (die datum vir Epifanie).

Epifanie word ten nouste verbind met veral die doop van Jesus, maar ook die bruilof by Kana. In die geheel word daar in die tyd ná Epifanie (tot die begin van Lydenstyd) gekonsentreer op Jesus se lewe hier op aarde tot Hy die lydenspad begin loop het.

Wat vier ons in Epifanie en die tyd daarna?

Die menswording van Christus is die kern waaroor dit in Epifanie (en natuurlik Kersfees) gaan. Die eerste Sondag ná Epifanie fokus op die doop van Christus en tydens die Sondag daarna word die klem gelê op dit wat Jesus geleer en gedoen het hier op aarde. Die tyd na 6 Januarie is dus 'n tyd om te spandeer aan die bestudering en viering van wie die Een wat onder ons kom woon het, werklik is.

Terselfdertyd is dit ook die tyd waarin ons, n.a.v. Jesus se doop, kan fokus op hoe getrou ons is aan ons doopbelofte. Daar word dikwels klem gelê op die bestudering van die Bergrede. In hierdie tyd word ook nagedink oor die sosiale implikasies van Jesus se lewe en leringe.

Wanneer vier ons Epifanie en die tyd daarna?

Die Epifanie-fees val op 6 Januarie. Die tyd daarna word die tyd ná Epifanie genoem. Die tyd na Epifanie loop deur tot en met As-Woensdag (14 Feb) wat Lydenstyd inlei.

Gebruike, simbole en rituele in die tyd ná Epifanie

Die simbole en rituele vir dié tyd:

- Dit is 'n tyd waarin die Bybel met erns bestudeer moet word. Die klem val veral op die gedeeltes oor Christus se verskynings voor sy Lydensweg. Ons word in hierdie tyd herinner daaraan dat Christus waarlik mens was.
- Die beklemtoning van Christus se doop kan herdenk word met 'n herinnering aan ons eie doop.
- Die ster van Betlehem is die sterkste visuele simbool van hierdie tyd. Die ster as simbool van Lig in die duisternis is 'n simbool van hoop.

Kleure vir Epifanie en die tyd daarna

Die dominante kleur van Epifanie is **groen**.

Afskop

Ons skop hierdie week af met ons bediening vir die jaar. Ons strewe, ons droom, is om God ook hier in ons gemeenskappe sigbaar te maak. Dis tog wat ons gemeentevisie impliseer: NG

Eldoraigne - waar mense God beleef en as volgelinge van Jesus gemeenskappe vernuwe.

Dit is dalk die eerste keer dat julle hierdie jaar bymekaar kom. Deel beslis julle vakansie-eravarnings en ook die drome vir 2018.

Vertel van 'n tyd waar jy deel was van 'n groep en ervaar het julle is meer as kennisse, julle is "familie".

Kom ons kyk na 'n paar tekste.

Lees: Jes 62:1-5

- Wie dink julle praat hier?
- Die situasie is die post-ballingskap. Israel is terug na hulle land, maar die situasie is steeds haglik. Wat is die belofte wat hier uitgespreek word?

Lees: 1 Kor 12:1-11

- Wat sou die betekenis wees vir julle as kleingroep indien elkeen 'n gawe ontvang het?
- Kan dit waar wees dat elkeen 'n gawe het?
- Hoe kan julle jul gawes op 'n baie praktiese manier aanwend, juis om ons gemeente se droom waar te maak.

Lees: Joh 2:1-11

Moenie vassteek by Jesus se antwoord aan sy ma nie. Eintlik staan daar maar net: "Is dit regtig ons probleem?" Jesus maak dit sy probleem.

- Waarom maak Hy dit sy probleem?
- Is die klein dingetjies van die lewe vir die Here belangrik?
- Watter klein dingetjies kan julle in die gemeente doen om sodoende 'n verskil te maak?

Afsluiting

Wat gaan julle in hierdie jaar doen om ons gemeente se droom waar te maak?

Onthou: Volgende Sondag (24 Feb) is Nagmaal en kenmekaar tee!

Week 2 - 28 Jan: Gestuurde gemeente

Inleiding

Ons klem val die week op ons droom om 'n gestuurde gemeente te wees. Ons praat lankal nie meer van "sending" nie. In die verlede was sending aan "hulle daar ver" en evangelisasie aan "hulle hier by ons". Ons praat van uitreik na alle mense in nood. Hierdie nood is holisties, dus geestelik en liggaamlik. Ons is 'n gestuurde gemeente.

Afskop

Open die byeenkoms met die lees van Ps 19 en bid dan saam.

Vertel van 'n geleentheid waar julle as 'n gesin, of jy alleen, iets gedoen het teenoor 'vreemdelinge' buite die gemeente.

Lees: Neh 8:1-3, 5-6, 8-10

- Wat val julle op van hierdie erediens?
- Wat was die respons van die "erediensgangers" en wat was die opdrag van Nehemia?
- Daar is 'n ou kerkspreuk wat se "Lex orandi, Lex credendi". Dit beteken: "Soos julle aanbid, so lewe julle". Wat beteken dit vir julle?

Lees: 1 Kor 12:12-31a

- Kan ons gemeente sonder jou klaarkom? Hoekom sê jy so?
- Ons probeer om baie sterk ons gemeenskappe aan te raak. Indien daar mense uit ons gemeenskap tot geloof kom, waar moet hulle aanbid?

Lees: Luk 4:14-21

- Wat val julle op van hierdie "erediens"?
- Moenie die deel te gou vergeestelik nie, (blind vir sonde en in sonde gevange nie) lees die teks letterlik soos dit daar staan. In die preek van Jesus, wie word uitgesluit en wie word ingesluit? Wat is die implikasie vir julle as kleingroep en vir ons as gemeente?

Afsluiting

'n Gemeente se uitreik na die gemeenskap staan nooit los van sy eredienste nie. Dit is daar waar God aanbid word en waar ons opnuut onder die indruk van God se opdrag aan ons kom. Dink in die ooploop na Sondag se erediens hieraan: 'n Gemeente se erediens (bywoning) is so goed soos sy uitreik na die gemeenskap.

Week 3 - 4 Feb Ons versorg mekaar

Inleiding

Gee weer terugvoering oor julle belewenis van die erediens en die Nagmaal. Dink julle ons slaag daarin om van ons eredienste 'n belewenis te maak waar lidmate kan ervaar dat God teenwoordig is. Dalk moet julle hierdie terugvoer op die webblad gaan plaas. www.eldofam.co.za Ons wil graag julle mening hoor.

Een van die sake wat ons in hierdie jaar wil aanspreek is die versorging van mekaar. Ons kleingroep is 'n groot bousteen in die hele aksie. Julle is die eerste linie wanneer dit kom by die versorging van mekaar. Julle behoort ook nou reeds te besluit het waar julle as kleingroep hierdie jaar julle gawes gaan gebruik. Ons funksioneer soos 'n liggaam waar elkeen 'n plek en 'n verantwoordelikheid het. Indien julle nog nie êrens betrokke is nie, is dit dalk nou die tyd om ernstig daarvoor te besin. Begin by iets kleins, verbind julle vir ses maande en evalueer dan weer.

Afskop

Beskryf 'n geleentheid waar julle as 'n gesin of jy alleen vir iemand in ons gemeente iets gedoen of beteken het.

Lees: Jer 1:4-10

- Vertel aan mekaar of jy in jou persoonlike lewe iets ervaar het van God wat jou roep om iets vir Hom te doen of God wat jou 'n opdrag gee om iets te doen.
 - Is daar 'n verskil in roeping en om 'n opdrag te kry?

- Hoe bekwaam en opgewasse was Jeremia vir die taak.
- Wie maak ons bekwaam vir die opdrag wat God ons gee?
- Wat behels die opdrag/roeping wat ons as gemeente ontvang het? (Kyk na ons gemeentemissie)

Lees: 1 Kor 13:1-13

- Is hierdie gedeelte op die huwelik van toepassing of praat Paulus met die gemeente?
- Verduidelik in jou eie woorde hoe hierdie liefde lyk.
- Hoe sal dit in 'n gemeente lyk as ons hierdie ingesteldheid teenoor mekaar het?
- Sal daar dan nog mense wees wat alleen met hulle pyn moet worstel?
- Waarom is jy traag om 'n leed-kersie vir iemand in nood te neem?

Lees Luk 4:21 - 30

- Daar is weer mense wat uitgesluit word, wie is hulle?
- Dalk het jy nie vanaand bemoediging of versorging nodig nie, wie dink jy kan jy gaan bemoedig?
- Is daar dal iemand wat julle as kleingroep by betrokke kan raak?

Afsluiting

Sluit af met die lees van Ps 71. Dink in stilte na oor die vraag: Na wie toe stuur die Here my wie dalk sorg en bemoediging nodig het? (Gee genoeg tyd vir stilte)

Week 4 -11 Feb Volgeling van Jesus Begin van Lydenstyd

Inleiding

Die kerklike jaar help ons om iets te beleef van God wat deur alle eeue met sy Kerk besig is. Ons begin nou met Lydingstyd. Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

Waar kom Lydenstyd vandaan?

Die Vroeë Kerk het begin om as voorbereiding vir Paasfees 'n vastydperk van 40 dae in te stel. Die getal 40 is op die voetspoor van Jesus, Moses en Elia. Die vas het meestal beteken dat slegs een maaltyd per dag sonder vleis geëet is.

Tradisioneel begin die vastydperk op As-Woensdag. Aanvanklik was die plaas van die as op die kop van 'n ernstige sondaar, 'n soort tughandeling en boete-oplegging van die kerk. Later het die as 'n meer seremoniële funksie gekry waarin die as, gewoonlik van die vorige jaar se palmtakke, op die voorkop van die lidmate in die vorm van 'n kruis gesmeer word.

Wanneer vier ons Lydenstyd?

Omdat Christene nie op Sondag, die opstandingsdag, gevas het nie, begin Lydenstyd op 'n Woensdag, 46 dae (40 dae en 6 Sondag) voor Paasfees. Waar hierdie Woensdag nie besondere aandag kry nie, begin sommige kerke hul Lydenstyd op die Sondag voor hierdie Woensdag (dus sewe Lydensweke) en ander weer op die Sondag ná hierdie Woensdag (ses Lydenssondae).

Simbole, rituele en gebruike in Lydenstyd

- Die **kruis** is die sentrale simbool in Lydenstyd. Die **kruis** herinner ons aan die kruisiging van Jesus, 'n teken van sy lyding en sterwe.
- Lydenstyd is 'n tyd van **hertoewyding**. Daarom staan **dissipelskap** sentraal. Lydenstyd is dus 'n tyd van toerusting vir Jesus se volgelinge.
- Die gebruik van die **vas** van voedsel in hierdie tyd staan in die teken van hertoewyding. Hierdie gebruik kan met 'n bietjie verbeelding in ons huise met vrug gebruik word. As teken van ons bereidheid om op te offer vir die evangelie, kan daar bv. besluit word om in hierdie tyd te vas van 'n gewoonte, van die lees van tydskrifte, die kyk van TV ens. Daar kan ook besluit word om van sekere voedselsoorte te vas.
- Lydenstyd is 'n tyd van **stilte**. **Afsondering** is daarom baie nodig. Hoewel daar in hierdie tyd baie nagedink word oor God se oordeel oor die sonde is dit ook 'n tyd om ons te verwonder oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye.
- Lydenstyd is 'n gereedmaak om vernuwing in ons lewens te ontvang. Die pynlikheid van die erkenning van ons eie sonde is hiervoor noodsaaklik. **Verootmoediging, skuldbelydenis en boetedoening** is in hierdie tyd prominent, maar dit staan alles in die teken van die nuwe lewe wat ons simbolies ontvang op Paassondag. Die 'as' van As-Woensdag is 'n simbool hiervan.

Kleure in Lydenstyd

- Pers word dikwels in hierdie tyd gebruik.
- Die kleure van die Groot Lydensweek en Paasnaweek is belangrik omdat dit die dramatiese karakter van hierdie tyd kan onderstreep. Vanaf Palmsondag tot die Donderdag

voor Goeie Vrydag, word 'n dieprooi gebruik om die bloed van Christus te simboliseer.

- Op Goeie Vrydag en die daaropvolgende Saterdag, word geen kleure of enige versierings gebruik nie. Die weerhouding van versierings staan in kontras met die baldadigheid van die versierings en kleure wat gebruik word op Paassondag en die tyd daarna.

Afskop

Wat sou julle as kleingroep, of jy alleen kon doen om jou in die oploop na die Paasfees aan Christus se lyding te herinner?

Daar is baie gelowiges wat meen dat dissipelskap - om 'n volgeling van Jesus te wees - iets is wat met my gebeur of wat ek deurloop nadat ek 'n aantal jare al 'n gelowige is of jare in die kerk is. Volgelinge van Jesus was mense wat deur Hom geroep was en onmiddellik saam met Hom begin werk het. Hulle het as't ware indiensopleiding gekry.

Om volgelinge van Jesus te wees, het te make met ons voortdurende toerusting en groei in die geloof. Daarom sou julle op twee maniere met die tekste kon omgaan. In Jesaja en Lukas gaan dit pertinent oor dissipelskap en die roeping van mense om dissipels te word. Julle sou dus die twee tekste, Ps 138 en 1 Kor 15, kon neem en net daarby stilstaan.

Lees Jes 6:1-13 en Luk 5:1-11

- Waar is Jesaja wanneer hy geroep word?

- Wat is sy eerste gewaarwording. Wat besef hy oor homself?
- Wat dink jy is die eerste fase van dissipelskap?
- Hoe lank was sy voorbereiding voordat hy as dissipel iets moes begin doen?

Lees: Psalm 138

- *Bespreek die Ps met die vraag as vertrekpunt: Is daar dan meer as een God? En Hoe openbaar die God van die Bybel Hom in die Ps?*

Lees: 1 Kor 15:1-11

- *Bespreek die opstanding aan die hand van hierdie teks. Waarom sou die teks vir julle as volgelinge van Jesus belangrik wees?*

Afsluiting

Julle kan in aansluiting by die tyd van die jaar dalk 'n bakkie met olie en as meng en 'n kruis op elkeen se voorkop maak as 'n teken dat julle juisself met Christus se lyding assosieer. Steek 'n kers op en gee geleentheid vir stilte.

Bely julle geloof saam.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

- Artikel 1: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
- Artikel 2: en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
- Artikel 3: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
- Artikel 4: wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
- Artikel 5: wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
- Artikel 6: opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
- Artikel 7: vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
- Artikel 8: Ek glo in die Heilige Gees;
- Artikel 9: ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
- Artikel 10: die vergewing van sondes;
- Artikel 11: die opstanding van die liggaam
- Artikel 12: en 'n ewige lewe.

Onthou volgende Sondag (18 Feb) die gebedsgeleentheid in die kapel!

Kyk ook nou reeds na volgende week se voorbereiding. Maak almal, en veral die kinders, daarby betrokke.

Week 5 - 18 Feb Die belewenis van God

Inleiding

Ons het met die formulering van ons gemeentevisie, vir mekaar gesê dat ons God inderdaad in ons gemeente wil beleef. Mense word vandag baie moeilik met argumente oortuig dat God 'n realiteit is. Hulle word eerder oortuig deur 'n egte belydenis waar ek en jy met oorgawe kan getuig van dit wat God vir ons beteken, waar ek Hom raaksien en beleef.

Natuurlik kan God nie gemanipuleer word deur ons pogings nie. Ons kan egter opregte ontmoetingsgebeure skep en in ons aanbidding Hom die fokus maak. Hy openbaar Homself aan wie Hy wil en wanneer Hy wil. Indien dit nie julle gewoonte is om saam te eet nie, oorweeg dit sterk om vanaand wel saam te eet en te kuier.

Afskop

Vertel van 'n geleentheid waar jy beleef het dat God tasbaar teenwoordig was.

Ons wil vandag eerder op die belewenis fokus as op die skrifbestudering of gesprekvoering oor die skrif. Hier is dus nou 'n eenvoudige liturgie wat julle hiermee sou kon help. Die liturgie van die Liefdesmaaltyd. Die Liefdemaaltyd herinner ons aan al die gewone maaltye wat Jesus saam met sy dissipels geniet het. Wanneer ons saam deelneem aan 'n Liefdesmaaltyd is dit ook 'n viering van ons liefde en gemeenskap met mekaar.

Liefdesmaaltyd

Opening

Herderleier: Lees 2 Kor 5:20b-6:2

Almal: Ons dank U Here vir die vreugdes van ons saamwees in Christus. Vir onderlinge begrip, gedeelde visie en hoop. Vir tye van vergifnis en tekens van aanvaarding. Vir die ondersteuning wat ons van mekaar kry. Dit help ons om mekaar se laste te verlig. Vir die liefde en gemeenskap met mekaar.

Leser lees: Ps 51

Gebed (Almal saam)

Here, U het ons geroep om u kinders te wees. Deur u Heilige Gees is daar vrede onder ons. U het ons as 'n geloofsfamilie aan mekaar verbind. Ons dank U vir woorde en dade wat ons eenheid in U meer sigbaar en konkreet maak. Ons dank U vir onderlinge toegeneentheid en oop harte, vir geduld en begrip; vir sorg en die bereidheid om te deel. Bo alles dank ons U vir Jesus, die bron van ons eenheid, Hy in wie se Naam ons bymekaar is. AMEN.

Gebed om skuldbelydenis

Herderleier: Ons bely ons gebreke en mislukkings in gemeenskap met mekaar ...

Groep: Ons gebrek aan onderlinge begrip,
 ons gebrek aan vergifnis,
 ons gebrek aan openheid,
 ons gebrek aan sensitiwiteit.

Herderleier: Ons bely voor U al daardie tye...

Groep: toe ons so graag beter as ander wou wees,
 toe ons te haastig was om regtig te sorg,
 toe ons te moeg was om na ander om te sien,
 toe ons te lui was om regtig te luister
 toe ons met ander motiewe as liefde opgetree het.

Stilte

Herderleier: Aan almal wat op God se vergifnis vertrou, beloof Christus: moed en krag in die stryd vir geregtigheid en vrede, God se teenwoordigheid in tye van vreugde en teleurstelling, lewe in God se koninkryk wat geen einde het nie.

Almal: Ons glo dat God ons liefhet en dat niks ons van Sy liefde kan skei nie. Ons glo in God se vergifnis. Ons aanvaar dit nou met blydschap. Kom ons deel hierdie vergifnis en liefde met mekaar.
Groet mekaar hartlik!

Gereedmaak van tafel

Herderleier: Hierdie maaltyd herinner ons aan God se bedoeling met die Christelike gemeenskap. Ons dek nou die tafel met daardie simbole wat spreek van ons geloof, die gawes wat Christus aan ons gee en ons roeping om as sy dissipels te lewe.

Neem kruis na vore

Leser 1 : Markus 15:22-25

"Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeen beteken. Hulle wou vir Hom wyn en mirre gee, maar Hy wou dit nie hê nie. Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry. Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het."

Neem brandende kers/lampie na vore**Leser 2** : Joh 8:12

Jesus het gesê : "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."

Neem brood na vore**Leser 3** : Joh 6:35

Jesus het gesê : "Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal Hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."

Neem die wyn na vore**Leser 4**: Mat 26:27 ev

Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink."

Stilte**Seën voor die maaltyd****Herderleier**: Christus is ons vrede.

Almal: Hy wat mure van vyandskap afgebreek het, Hy het ons vir Hom een gemaak. Deur sy versoenende liefde deel ons die liefdesmaaltyd met dankbaarheid. Dit herinner ons aan al die kere

van samesyn en liefde van sy volgelinge. Mag Jesus ons versterk. Mag Hy ons help om mekaar te dien en lief te hê want aan sy liefde en goedheid is daar geen einde nie.

Deel brood uit en eet.

Deel die wyn uit.

Die ons vader gebed (Almal saam)

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen

Afsluiting

Herderleier:

Die feesmaal is verby. Die wêreld wag. Laat ons in Christus mekaar liefhê en laat ons deur sy Gees mekaar en die wêreld dien. Here, waar ons nou sluit, laat U liefde vir ons en ons liefde vir mekaar die krag van ons lewe wees.

Almal: Terwyl ons dink aan U doel vir alles, wy ons ons nou aan U onbegrensde liefde vir Jesus Christus.

Amen

Onthou die Nagmaal volgende Sondag 25 Feb

Week 6 - 25 Feb: Eredienste

Afskop

Ons eredienste is vir ons seker dié moment in die week waar ons as gemeente kan saamkom om God te aanbid en mekaar te kan ontmoet. Het jy geweet dat ons gedurende die week die volgende erediens het?

So 09:00 Voorskoolse kinders in die Ark

So 09:00 Laerskool kinders in die Lapasaal

So 09:00 Volwassenes in die kerkgebou

So 18:00 Hoërskool en naskoolse jeug in die Garage-saal

Di 18:30 Adoramus in die Kapel

Vertel vir mekaar watter van die geleenthede jy al bygewoon het en wat jou belewenis was.

Voltooi dan die vraelys oor jou (laaste) erediensbelewenis en gee 'n punt uit 5. Bespreek dit met mekaar.

1	Die liturgie het my gehelp in my ontmoeting met God	
2	Die liturgie is kreatief aangewend	
3	Ek het die erediens van begin tot einde as 'n sinvolle geheel beleef	
4	Ek het my deelname aan die erediens as eer aan God beleef	
5	Daar was genoegsame tyd vir stilte en aanbidding	
6	Die preek het my gehelp om iets van God te beleef	
7	Die preek het my aangespoor om as Christen te gaan leef	
8	Die preek het die agtergrond van die teks vir my verhelder	

9	Die keuse van liedere het by die diens as 'n geheel ingepas	
10	Ek het verstaan wat gesê is	
11	Ek kon duidelik gehoor het	
12	My geheelindruk van die diens is:	

Lees: Hebr 10:9-25

- Hoekom sou die opdrag in vers 25 vir die eerste gemeentes so belangrik wees?
- Kyk na vers 24. Watter ander rol sou die erediens in die lewe van die eerste gelowiges gespeel het?

Lees: Hand 2:43-47

- Wat val jou op van hierdie gemeentemodel?
- Waar kom hulle bymekaar en wat dink jy het by die onderskeie byeenkomste gebeur?
- Dink jy daar was 'n verbintenis tussen die gemeente en die gemeenskap?

- Wat dink jy kan julle as kleingroep doen om van ons gemeente se eredienste 'n groter belewenis van God te maak?

Afsluiting

Praat hieroor met mekaar: Patrick Keifert skryf in "Welcoming the stranger", as gestuurdes beteken dit dat ons gewoon net Sondag die erediens moet by woon. Wanneer die vreemdeling by ons erediens in stap, sou die vreemdeling tog verwag om ander daar te kry.

Week 7 - 4 Mrt: Ons gee om vir mekaar

Inleiding

Ons wil werklik vir mekaar omgee. Hierdie omgee begin Sondag in die erediens en vloei dan verder die gemeenskap binne. Indien ons nie vir mekaar omgee nie, hoe sal ons vir die vreemdelinge in die gemeenskap omgee? Gesels sommer weer oor ons gebruik van die lief- en leedkersies wat in die erediens uitgaan.

Afskop

Dink terug toe jy by die gemeente aangesluit het. Wat was jou eerste belewenis van die eerste Sondag by die kerkkompleks

Lees: Luk 10:25-37

- Die ewige lewe is 'n geskenk. Waarom verduidelik Jesus dan dat daar sekere dinge is wat ons moet doen om die ewige lewe te verkry?

- Wie in ons tyd word deur die priester en die Leviet uitgebeeld?

- Het die priester en Leviet verkeerd opgetree?

- Wat is die implikasie van hul optrede?

Lees: Jakobus 2:14-17

- Bespreek: Geloof en daad is twee kante van dieselfde munt.

- Het jy geloof indien niemand daarvan weet nie?

Afsluiting

Praat oor volgende Sondag se erediens. Wie gaan daar wees en wie sou julle kon nooi om saam met julle na die tyd tee te drink in die binnehof. Wie is daar wat siek is in ons gemeente wie julle dalk in die week kan besoek?

Sluit af deur tyd te gee vir stilte.

Week 8 - 11 Mrt: Eldoraigue Familielkerk

Inleiding

In kerke dwars oor die wêreld sal jy hoor mense praat van die gevaar van die drie "G's" of die "numbers game". Geld, getalle en geboue! Veral in die tyd wat ons nou in leef, kan ons baie bekommerd raak oor die nommers. Het ons genoeg lidmate, geld en geboue? Of dan; ons moet alles doen om nog meer mense in die kerk te kry sodat ons meer geld kan kry.

Jare gelede het die Here aan ons herbevestig dat dit nie NG Eldoraigue Familielkerk se bestaansdoel is nie. Ons is 'n gestuurde gemeente. Om dan maar weer te herhaal: ***Ons bou mekaar op deur betrokke te wees in persoonlike omgee-verhoudings en reik uit na alle mense met wie ons paaie kruis.*** Dit is waarmee ons besig wil wees. Maak afdrucke van ons gemeente se visie, missie en waardes en gee dit aan elkeen.

Afskop

Gesels met mekaar oor ons gemeente se besondere roeping.

Lees: Jesaja 55:1

- Indien julle die vers letterlik op ons gemeente van toepassing moet maak, wat sou die implikasie wees.
- Omskryf ons gemeente se unieke roeping onder die volgende opskrifte:
 - 'n Vernuwingsgemeente
 - 'n Omgeegemeente

- 'n Evangelisasiegemeente

- 'n Uitreikgemeente

- 'n Gemeenskapskerk

- 'n Familiekerk

Lees: Jesaja 42:1-9

- Hoe sou julle ons gemeente in die lig van die teks omskryf?

- Jy nooi iemand na ons gemeente se erediens. Wat sal jy as rede aanvoer waarom die persoon saam met jou moet kom?

- Wat hou ons gemeente terug sodat ons nie kan word wat ons moet wees nie?

Lees: Miga 4:1-4

- In die teks wil dit lyk of daar 'n verband kan wees tussen die vrede van die tempel en die vrede in die gemeenskap. Indien julle dit op ons gemeente van toepassing maak, wat sou die implikasie vir ons gemeenskap wees?

Afsluiting

Na alles wat julle gesê het, wat is die een ding wat vir julle uitstaan wat ons gemeente uniek maak? Iemand by die werk vra vir jou; vertel my meer van julle gemeente.....

**Onthou die Nagmaal volgende Sondag 18 Mrt.
Daar is ook 'n gebedsgeleentheid in die kapel**

Week 9 - 18 Mrt Betrokke in ons gemeenskap

Inleiding

Ons wil baie meer omgee vir ons gemeenskappe. Ons visie verklaar: **ons verander gemeenskappe**. Begin die gesprek deur aan mekaar te verduidelik in watter gemeenskappe bevind julle juisself op 'n daaglikse/weeklikse basis.

Lees: Jesaja 49:1-6

- Wat is Israel se duidelike opdrag?
- Hoe sou jy jou werkplek kon verander?
- Op watter maniere kan jy 'n getuie wees in jou gemeenskap?
- Wat maak dit moeilik om in hierdie gemeenskappe 'n getuie te kan wees?

Lees: Jesaja 60:1-3

- Waarom kon Israel vir ander 'n lig wees?

- Hierdie klink amper soos Nuwe Testamentiese taal. Kan julle tekste uit die Nuwe Testament aanhaal wat ook die beeld van "lig" gebruik?
- Is ons geroep om getuies in die kerk of in die wêreld te wees?

Afsluiting

Waar kan julle begin om ons gemeenskappe te vernuwe? Ken jy die bestuurder van Spar? Hoekom gaan stel jy jou nie aan hom/haar voor nie en vra hoe dit met hulle gaan nie? Wat van ons Raadslid? Jy hoef mos nie aan die politieke party te behoort om haar te ontmoet of 'n boodskap van bemoediging te stuur nie? Waarvoor wag julle?

Sluit weer af met genoeg tyd vir stilte.

Volgende Sondag begin die Heilige Week. Ons begin met die Paassangdiens en dan is daar elke aand om 18:30 Eucharistie waar die tekens van die brood en wyn in stilte bedien word. Donderdag aand om 22:30 is ons Avondmaal en Vrydag oggend 08:00 die Nagmaal. Sondag 1 April vier ons dan die Paasfees of Opstandingsondag.